

20 JUNIE 2021



# TORINGKERK

## nuus



VADERSDAG, 20 JUNIE 2021

## ONS VIER VADERS IN AL SY VORME

ONS IS DANKBAAR VIR VADERS, OUPAS, OOMS, PEETPA'S,  
PLEEGPA'S, MENTORS, MOEDERS WAT 'N PA OOK IS,  
AMPER-PA'S, PA'S WAT NOG BID VIR HUL EIE KIND,  
BROERS WAT SOOS 'N PA MOET OPTREE EN PA-FIGURE  
WAT LIEFHET EN OMGEE VIR KINDERS SOOS HUL EIE.

# PROGRAM VIR DIE WEEK

## SONDAG: 20/06

- 09:30 Erediens (Onthou om te bespreek)
- 09:30 Kinderkleingroepe (Klein Toring Saal)
- 10:30 Geen KruisConnect

## DINSDAG: 22/06

- 08:00 Span bid saam (Konsistorie)
- 09:00 Spanvergadering (Konsistorie)
- 11:00 Kantoor open (weens POPI opleiding)
- 15:00 Geen Hidden Treasures Mentorprogram
- 19:00 GIM (Huis Kalahari Visser)
- 19:00 Belydenis (HTP)

## WOENSDAG: 23/06

- 06:00 Kinder Padkos (Stemboodskap)
- 06:00 Tiener Padkos (Stemboodskap)
- 18:30 Erediensbeplanning (Konsistorie)

## DONDERDAG: 24/06

- 18:45 Labori Bybelstudie (HTP)
- 18:30 Sisterhood (Konsistorie)

## VRYDAG: 25/06

- 06:00 Mannegroep (Konsistorie)

## SONDAG: 27/06

- 09:30 Erediens (Onthou om te bespreek)
- 09:30 Kinderkleingroepe
- 10:30 Geen KruisConnect

## GEBEDSVERSOEKE

- Ons bid vir **Ayanke Stander** wat tans besig is met haar chemo sessies. Ook vir Ayanke se ma, Louise, en broer, Christiaan, wat Covid het. Mag julle vinnig herstel.
- Ons bid vir die **Grant Gesin** met die afsterwe van oom Ugie.
- Ons bid vir **Leon van Niekerk en gesin** wie se suster se seun en skoonma oorlede is.
- Ons bid vir **Kenwin Philander en gesin** wie se familiekind oorlede is.
- Ons bid vir 'n geseënde en spesiale Tiende **Dankoffersfees**.
- Ons bid vir **Gretchen Klue** vir herstel en genesing.
- Ons bid vir **Marleze Goosen en gesin** wie se broer hierdie week oorlede is.
- Ons bid vir **Ronelle Swart** se ma wat tans in die hospitaal is.
- Ons bid vir **Tannie Annie en Oom Joubert le Grange** se herstel.

*Laat weet asb die kantoor van enige gebedsversoeke of siekte besoeke. Ons wil graag by jou uitkom en is nie altyd bewus as iemand deur 'n moeilike tyd gaan nie.*

# JEUGDAG

16 JUNIE 2021

## GEBED VIR DIE KINDERS VAN SUID-AFRIKA

– ANRIËTTE DE RIDDER

Here, ons bid vir die kinders van Suid-Afrika  
Ons staan in die skoene van kinders

- wat siek is – mag ons hulle versorg
- wat honger is – mag ons hulle voed
- wat arm is – mag ons meer vrygewig wees
- wat anders lyk – mag ons hulle aanvaar soos hulle is
- wat nie geleenthede ontvang nie – mag ons ongeregtigheid regstel
- wat bang is – mag ons hulle beskerm
- wat hartseer voel – mag ons hulle troos
- wat eensaam is – mag ons hulle vriende raak
- wat nie ouers het nie – mag ons hulle familie wees
- wat nie in hulleself glo nie – mag ons hulle grootste ondersteuners wees
- wat dink hulle het nie 'n stem nie – mag ons regtig na hulle luister
- wat hopeloos voel – mag ons hulle raaksien

Here, mag ons elke kind se drome aanmoedig, en elkeen die vryheid gee om te groei.

Mag hulle idees en kreatiwiteit ons inspireer om die wêreld 'n beter plek te maak.

Mag ons kinders se geloof en wysheid erken en by hulle leer.  
En Here, help ons om elke kind te omarm met Jesus se liefde.

Amen

IS JY NUUT IN DIE GEMEENTE?  
IS JY NUUT IN DIE PAARL?  
BESOEK JY TORINGKERK VIR DIE EERSTE KEER?

# JY IS SO WELKOM HIER!

Jy is welkom om 'n kerkkalender in die voorportaal te neem. Hierin deel ons bietjie van ons gemeente se hart en drome. Kom stel jouself ook asb voor aan een van die predikante, ons wil jou baie graag ontmoet!

Ons hoop dat jy 'n stukkie vrede hier sal ervaar.  
Baie welkom by ons!



## COVID-PROTOKOL IN KERK

Ons is so bewus van die realiteite van COVID 19 rondom ons.

Ons vra dat jy asb **ten alle tye by die reëls van imperking sal hou**, tydens eredienste of enige ander aktiwiteit in hierdie verband. Teken in by die deure, dra jou masker ten alle tye (vir jou en ander se veiligheid) en saniteer jou hande.

Die bietjie wat ons kan doen om te verseker dat ons almal veilig en gesond bly, moet ons doen. Dankie dat ons hierdie saam kan aanpak.

## BRING JOU EIE "TAKE-AWAY-KOFFIE" VAN DIE HUIS AF SAAM!

Weens die strenger inperking wil ons graag onnodige kontak vermei. So in plaas daarvan dat jy koffie by die kerk kry, vra ons dat jy sommer 'n "take-away-koffie" van die huis af saambring!

Hierdie is 'n goeie gewoonte vir die toekoms om ons eie koppies kerk toe te bring - vir die spaar van papier- en foamalite koppies.

Kom geniet jou tuisgemaakte koffie in die kerkbanke!



# ONS VIER VOLGENDE WEEK NAGMAAL!

Die Toringkerk Kalender 2021 dui aan dat ons hierdie Sondag (20 Junie) die nagmaal saam vier.

**Hierdie geleentheid word uitgeskuif met een week.**

Ons vier dus die nagmaal weer saam as geloofsfamilie op **27 Junie**. Indien jy die aanlynrediens bywoon - maak seker dat jy 'n broodjie en wyn (of druiwesap) byderhand hou, om steeds saam met ons hierdie spesiale geleentheid te vier.



## TORINGKERK - KUNS

Ons het pragtige prente van Toringkerk wat deur leerlinge van Paarl Gimnasium geteken is in 1987 vir Paarl se 300ste bestaansjaar wat ons in die kerkkantoor verkoop. Daar is twee opsies, een geblok op hout en die ander 'n afdruk op karton.

Geblok - R500

Afdruk - R200

Daar is beperkte hoeveelhede, so maak seker jy spring! **Kontak vir Annelie in die kerkkantoor vir meer inligting.**


## BACK-A-BUDDY

Ons as gemeente dink en bid baie vir Ayanke wat in hierdie jaar gediagnoseer is met kanker. Dankie vir elkeen se gebede en ondersteuning vir die Stander gesin.

Indien jy finansiële ook 'n bydrae kan maak, besoek gerus die inisiatief: [www.backabuddy.com](http://www.backabuddy.com)

Tik in "Ayanke" by die gedeelte wat sê "Find a friend".

Ayanke, ons is trots op jou en ons bid vir jou!



## SISTERHOOD

"Sisterhood" is 'n splinternuwe kleingroep vir vroue wat op 'n weeklikse basis bymekaar kom om saam te gesels en te bid. Ons bied vir mekaar ondersteuning en 'n veilige ruimte om te deel, te luister of net te wees.

Ons kom elke Donderdagaand bymekaar van 18:30 - 19:30 in die konsisitorie.

*Kontak vir Jana vir meer inligting*



## WYNVEILING + WYNPROE

Ons beplan om weer ons wynveiling en wynproe op 27 Augustus te hou. Ons wil graag die vrymoedigheid neem om te vra vir skenkings van wyn wat ons kan opveil.

Versamelwyn, drinkwyn, rooiwyn, witwyn, en enige bottel wat jy kan afstaan.

*Kontak gerus vir Gert van Schalkwyk (0836299267).*

Ons sien uit om van jou te hoor. Baie Dankie

## BORG 'N KOSPAKKIE!

Ons Diep & Vêr projek is nou al meer as 'n jaar oud - waar ons elke maand vir 43 gesinne kan ondersteun deur 'n kospakkie te gee.

### Hoe kan jy betrokke raak?

- Borg 'n kospakkie vir R250 (betaal in by kerk)
- Samel kositems in (laai af by kerk)
- Word deel van die kospakkie-pakkers groep
- Bid vir die gesinne wat hierdie kospakkies ontvang

*Kontak gerus vir Janneke vir meer inligting.*



## BESPREEK JOU PLEK!

Met die nuwe inperking reëlings wat op 15 Junie aangekondig is, pas ons aan.

Aangesien daar slegs 50 mense binne mag bymekaarkom, sal ons weer vanaf hierdie week besprekings neem vir die bywoning van eredienste.

Maak gerus jou bespreking by die kerkkantoor deur middel van die volgende maniere:

- Stuur 'n epos (info@toringkerk.co.za)
- Bel die kerkkantoor (021 872 6730)

Die kerkkantoor is oop gedurende 9h-13h op weksdae.



## JOU GETUIENIS

Ons wil graag vir jou die geleentheid gee om te getuig. Almal het egter nie die vrymoedigheid om voor die gemeente te kom staan en hul storie te deel nie. Vir daardie mense wil ons graag die geleentheid gee om hulle storie vir ons op skrif te sit.

Ons sal dit dan op 'n kennisgewingbord vassit wat in die voorportaal gaan staan. Ons gaan weekliks van hulle in die diens lees. Die mense wat bereid is om in persoon te getuig is ook baie welkom!

***Kontak gerus die kantoor vir meer inligting.***

## TANDEPASTA!

Vir die volgende 6 maande gaan ons elke maand 'n ekstra item insamel vir ons 43 gesinne wat kospakkies ontvang. Die idee is om teen Desember 'n lekker groot Kersfeespakkie op te maak, met 6 ekstra items vir elke gesin!

Vir die maand van Junie samel ons dus 43 groot buisies tandepasta in!

Indien jy kan, koop 1 buisie tandepasta en bring dit saam kerk toe.

***Andersins kan jy vir Janneke kontak vir 'n ander reëling.***





## KRUISCONNECT AFSLUITING!

Ons dink baie aan elke tiener wat tans voorberei vir die eksamen, of wat dalk alreeds begin het!

**Ons sien baie uit vir ons KruisConnect afsluiting!**

Wanneer: 8 Julie

Waar: Toringkerk

Hoe laat: 18h00-20h30

Ons gaan lekker saam kuier en die kwartaal op 'n hoogtepunt afsluit! ***Kontak vir Janneke vir meer inligting.***

## POPI WET

Die Toringkerk kantoor en span is hard aan die werk om alles in plek te kry vir die nakom van die nuutste POPI Wet (Protection of Personal Information Act).

Indien jy 'n beswaar het teen die feit dat Toringkerk jou inligting stoor, maak asb kontak met die kantoor teen **1 Julie 2021**.

Indien ons nie van jou hoor nie, aanvaar ons jou goedkeuring.



## TIENDE - DANKOFFERMAAND

In Junie maand vind Toringkerk se 10de Dankofferfees plaas! Die rede is omdat Markietie gewoonlik in Oktober plaasvind. Ons wil jou uitnoui om nou al register te hou van dit waarvoor jy dankbaar is. Ons is tans besig met 'n heerlike reeks waaroor ons diep besin wat dit beteken om te gee, te deel en wat dit beteken om uit jou binneste 'n offergawe te gee. Alles gaan natuurlik nie oor gee nie maar veel meer. Kom wandel saam. Bid asb vir 'n geseënde reeks.





GEBEURE OM NA UIT TE SIEN



# Dagboek DIE DATUM



**1-30**  
JUNIE

DANKOFFER  
MAAND

Geseënd om te kan seën



**19**  
JUNIE

NATANIËL

Toringkerk | 14:30



**27**  
AUG

WYNVEILING

Toringkerk | 19:00



**5-6**  
NOV

MARKIETIE

Toringkerk

Hou die afkondigings en sosiale media dop vir meer inligting.

**BID . SIEN . DEEL**

# GESONDE GEDAGTES

AMANDA DU TOIT



## DIE GOEIE GENADE

Ek sê altyd vir die kinders “Your future self will thank you” as hulle iets moet doen wat op daai oomblik nie besonder lekker nie. Ons lees ook in tydskrifte artikels van “celebrities” soos “A letter to my younger self”. Hierdie Sondag wat verby is, het Paulus ook die geleentheid in 1 Tim 1 : 12 -17 gehad om ‘n bietjie in die tru-spieeltjie te kyk en in dankbaarheid te reflekteer oor die persoon wat hy was en wie hy nou is.

Paulus beskryf sy verlede self as die “grootste sondaar”, maar dit nie werd om te weet dat juis deur God se genadewerk jy nie jou verlede is nie. Die Here se eindelose lankmoedigheid is lank nie klaar jou nie, want waar daar ongeloof was, bring dit geloof en waar daar haat en vervolging was, is daar nou liefde in Paulus.

Paulus se huidige self beskryf hy as is iemand wat deur die Here se verdraagsaamheid ‘n voorbeeld vir almal in die toekoms is wat in God glo en die ewige lewe verkry. God se lankmoedigheid is ons redding vandag. So weet ons vandag dat ons nie verlore is as gevolg van die sonde, want God se genade is groter as ons sonde, sy barmhartigheid is ruimer as die lewe.

Hoe gaan jou “future self” volgende jaar hierdie tyd in Dankofferfeesmaand oor jou soos jy vandag is, dink? Sien vandag en elke dag van nou af God se genade in JOU lewe raak en wees dankbaar vir God se lankmoedigheid met jou. Daai dankbaarheidspier kort oefening.

## BAIE GELUK met jou verjaarsdag!

- |                        |                      |
|------------------------|----------------------|
| 20/06 Doreen Domburg   | 23/06 Lientjie Prins |
| 21/06 Hendriko Pienaar | 23/06 Brende Theron  |
| 21/06 Gerhard Sadie    | 23/06 Johan Wiese    |
| 21/06 Anita Strydom    | 24/06 Gerald Batt    |
| 21/06 Carien van Zyl   | 24/06 Bieb Marais    |
| 22/06 Nicolene Botes   | 25/06 Joshua Joubert |
| 22/06 Ronelle Swart    | 25/06 Alizia Muller  |
| 23/06 Quintus Brand    | 25/06 Ava Prinsloo   |
| 23/06 Jaco Gerber      | 26/06 Stiaan Bruwer  |
| 23/06 Tania Knoetze    | 26/06 Louis Page     |
| 23/06 Michaela Poci    | 26/06 Willie van Zyl |





20 JUNIE 2021

# TORINGKERK

*nuus*



TORINGKERK ZAPPER




## BID | SIEN | DEEL

OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES:



OFFERGAWES, MAANDELIKSE  
BYDRAE EN TIENDES:

TORINGKERK  
ABSA  
TAKKODE: 632 005  
REK NR: 400 590 176



## MAAK KONTAK MET ONS

AS JY MET 'N LERAAR WIL GESELS, KONTAK ONS GERUS.

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Ryno Els | 083 610 1641 | ryno@toringkerk.co.za

### JEUG/MAATSKAPLIKE WERKER

Janneke Marais | 082 831 6165 | janneke@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

### KOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.